Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

**NUUSBRIEF 22/1/2021**

Wonnies en Wonnie-ouers

Dit was met groot opgewondenheid dat ons uitgesien het na die opening van die skole vir 2021. Na die afkondiging van President Ramaphosa, sal die skole egter eers op 15 Februarie open. Dit veroorsaak dat talle dae verlore gaan. Ten einde so min as moontlik akademiese tyd te verloor, wil ons voor die aanvang van die skool alle handboeke, roosters, klaskamerkodes ens. uitdeel. Hierdie nuusbrief dien dus slegs as 'n inligtingstuk om alle reëlings en inligting rakende die komende weke deur te gee.

## UITGEE VAN HANDBOEKE, ROOSTERS, KODES ENS.:

Op 15 Februarie wil ons graag reeds sinvol met skool begin. Handboeke ens. gaan dus vooraf uitgedeel word. Alle Covid-maatreëls is steeds in plek en slegs een graad per dag sal by die skool akkommodeer word. Leerders gaan in voogklasverband hul handboeke, roosters, klaskamerkodes ens. ontvang. Alle leerders in die graad moet dus vir die volle duur van die tyd by die skool beskikbaar wees.

## Handboekdatums, graad en tyd:

| GRAAD | DATUM | TYD |
|---|---|---|
| 12 | 27 Januarie | 8:00-10:00 |
| 11 | 28 Januarie | 8:00-10:00 |
| 10 | 29 Januarie | 8:00-10:00 |
| 9 | 1 Februarie | 8:00-10:00 |
| 8 | 2 Februarie | 8:00-10:00 |

**Leerders moet reeds om 8:00 op die skoolterrein wees vir die indeling van klasse.**

TOEGANG TOT DIE SKOOL:

**Alle leerders** gaan voortaan **die sporthek** gebruik om toegang tot die skool te kry**.** Geen leerder (ook nie graad 12-leerders nie) kan by die boonste hek afgelaai word nie.

ONTHOU!

**ALLE COVID-MAATREËLS GELD STEEDS:**

- Die temperatuur van alle leerders word by die hek geneem.
- Leerders moet met 'n masker by die skool arriveer.
- Leerders voltooi die gesondheidsvraelys.
- Leerders se hande word voor- en na elke klas gesaniteer.
- Oppervlaktes in die klas word na elke periode gesaniteer.
- Ná skool word klasse, badkamers, deurhandvatsels en handrelings gesaniteer.

## TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

**NUWE BANKBESONDERHEDE:**
Die skool het vanaf Januarie 2021 na FNB-Bank verskuif. Alle betalings moet dus voortaan gedoen word volgens die volgende bankbesonderhede:
**Bank: FNB**
**Tjekrekening: 62877816789**
**Takkode: 250655**

**KLEREBANK:**
**Die klerebank sal oop wees op Donderdag, 28 Januarie en Vrydag, 29 Januarie, vanaf 8:00-10:00.**
**Voorkeur word gegee aan ouers wat aansoek doen vir subsidie. Vir navrae rakende subsidie kan u me. Benninghof kontak by invorderaar@wonnies.co.za**

## SKOOLGELDE:

### Die kostestruktuur vir 2021 is soos volg:

- **1ste kind: R18 370: R1 670 vir 11 maande.**
- **2de kind: R17 270: R1 570 vir 11 maande.**
- **3de kind: R16 170: R1 470 vir 11 maande.**

Hierdie struktuur is reeds in 2020 vasgestel en die 11 maande is vanaf Januarie tot November. Ons besef daar is nou veranderinge aan die skoolkalender, maar wil u as ouers vra om tog u verpligtinge in die verband steeds na te kom, aangesien daar verskeie groot uitgawes is wat aan die begin van die jaar, deur die skool, hanteer moet word.

## GRAAD 8 – 2021

Kan jul glo? Een van die dae word JOU voetstappe in dié Wonnie-gange gehoor…
Ons weet julle kan nie meer wag om deel van die Wonnies te word nie. Ons wil jou graag vinnig laat tuis voel, daarom is die volgende datums baie belangrik:

**2 Februarie** (8:00-10:00) – Indeel van voogklasse en uitdeel van handboeke, inligting ens.
**11 + 12 Februarie**: Oriëntering rakende die skool.
'n Brief rakende dié oriëntering gaan aan jou ouers gestuur word. Hou die e-posse dop!



## VOORKOMS:

Voorkoms is die beginpunt van enige dissipline. Dit dui op selfdissipline en respek vir die skool se reëls. Graag vra ons u as ouers om u te vergewis van die voorkomsreëls (besoek gerus die webwerf by www.wonnies.co.za) as u onseker is. Leerders wat die eerste dag van skool nie volgens hierdie reëls geklee is nie, gaan die geleentheid kry om eers huis toe te gaan en hul voorkoms te korrigeer.

**MNR LEZAR**
**SKOOLHOOF**